HOËRSKOOL
TYGERBERG
HIGH SCHOOL

1 Oktober 2020

BYLAAG A

KENNISGEWING VAN NOMINASIE EN VERKIESINGSVERGADERING

VERKIESING VAN OUERS VAN LEERDERS AS LEDE VAN BEHEERLIGGAAM
(Maatreëls 9, 12, 13, 14, 15 and 16)

Daar het 'n SBL-vakature onstaan as gevolg van 'n ouerlid wat bedank het. Die inperkingsmaatreëls het ons gedwing om alternatiewe verkiesingsopsies te ondersoek. Hoërskool Tygerberg gaan, soos verskeie ander skole in Suid-Afrika, in die volgende maand aanlyn SBL-verkiesings hou. **Fedsas** en **Voting Crowd (Mnr. Jaco Pretorius van Mosselbaai)** het 'n lootsprojek van stapel gestuur wat skole help om hul SBL-verkiesings aanlyn te bestuur.

Sommige hoërskole het reeds in 2018 met die verkiesing van hulle beheerliggaam 'n soortgelyke aanlynstelsel gebruik. Hierdie stelsel was uiters suksesvol en teen 10:00 die oggend het 70% van die betrokke skole se ouers reeds gestem. Die aanlynverkiesing skep 'n veiliger omgewing en ouers hoef nie hulle tyd op te offer om by die skool te kom stem nie.

Die verifiëring van die uitslae is baie makliker as met die ou stelsel. Die programmatuur is so opgestel dat dit die stemme met die druk van 'n knoppie tel. Die uitslae van die verkiesing sal binne 'n uur nadat die verkiesing gestop het, beskikbaar wees. Die persoonlike inligting van elke persoon word deur 'n kontrak tussen die skool en Voting Crowd beskerm. Die program is so saamgestel dat elke stemgeregtigde net een keer kan stem.

Die volgende stappe moet gevolg word:

1. Departement van Basiese Onderwys het goedkeuring gegee vir die proses.
2. Die WKOD het hul toestemming gegee vir die proses.
3. Ons gee formele kennis van die verkiesing op **1 en 2 Oktober 2020** aan ouers.
4. Nominasies van kandidate moet voor of op **16 Oktober 2020 om 14:00** by die skool ingedien word. Nominasievorms is by die skool beskikbaar. Die nominasievorms kan ook op die skool se webblad verkry word.

Fairfieldstraat-Noord, Parow, 7500 | Kaapstad | Fairfield Street North, Parow, 7500
T. 021-939-2023 | **F.** 021-930-6833 | **E.** info@hstygerberg.co.za
W. www.hstygerberg.co.za | **Facebook:** www.facebook.com/hstygerberg

5. Indien ouers nie internet toegang het nie, kan hulle deur die loop van **2 November 2020** vanaf **08:00 tot 17:00** in rekenaarlokaal 4 van die skool stem. Die normale Covid-regulasies, soos die dra van maskers, skandering en sosiale afstand moet gehandhaaf word. Ouers kan alternatiewelik van die skool se Wifi in die parkeerarea gebruik maak.
6. Ouers gaan na www.votingcrowd.co.za om te stem. Meer inligting volg.
7. Elke ouer sal 'n unieke wagwoord via sy/haar e-pos ontvang. Die ouer gebruik sy/haar ID-nommer en die unieke wagwoord om toegang tot die verkiesingsblad te verkry.

In Maart 2021 word die nuwe beheerliggaam vir 'n diensperiode van drie jaar verkies. Indien ons die tussenverkiesing suksesvol aanlyn afhandel, kan ons die 2021 beheerliggaamverkiesing op dieselfde wyse hanteer. Ek doen 'n beroep op elke ouer om van die geleentheid gebruik te maak en deel te neem aan die tussenverkiesing.

Groete

Me A Kruger
Kiesbeampte